
# Die Ou Testament oor abortus provocatus – 'n persoonlike ontdekkingstog

C de Muelenaere



**Curriculum vitae**

Chris de Muelenare is in België gebore, en het as kind saam met sy ouers na Suid-Afrika gekom. Hy matrikuleer aan die Afrikaanse Hoërseunskool in Pretoria, en behaal die grade MB ChB (UP) in 1968 en M Prax Med (UP) in 1975, en die MFAP (SA) in 1976. Die De Muelenare-familie het 'n sterk geneeskundige tradisie. Chris praktiseer sedert 1970 as privaat huisarts in Pretoria, en stel veral in die eties-morele aspekte van die beoefening van geneeskunde belang, en in sake rakende die eerbied vir die lewe. Sy vrou Deirdre het in die geesteswetenskappe studeer en is 'n hoërskool-onderwyseres.

**Dr C W M J de Muelenaere** MB ChB MPrax Med(UP), MFAP(SA)
Nedpark 902
Sunnyside
0002

KEYWORDS: Abortion; Ethics; Bible

## Summary

*The author evaluates the laws and institutions in the Old Testament to illustrate how highly life was regarded, and states that this can serve as a guideline in our modern-day attitude towards abortus provocatus.*

Suid-Afrika is 'n land met 'n ryke verskeidenheid kulture en ontwikkelingspeile – 'n land waarvan die mense mekaar gedurig onderling beïnvloed en van nuwe perspektiewe voorsien. Die verskeidenheid bied 'n uitmuntende geleentheid tot selfontplooiing en tot die verryking van mekaar se kultuurskatte. Die samelewing is deur die Westerse kultuur omgewe en word in meerdere of mindere mate daardeur beïnvloed. Selfs in gevalle waar die Bybel nie as die openbaring van God se wil erken word nie, oefen dit nietemin 'n invloed op sowel die publiek as geheel as op die enkeling uit.

Die meeste artse in Suidelike Afrika het 'n Westerse kulturele agtergrond wat benewens die klassieke Grieks-Romeinse ook medegevorm is deur Ou- en Nuwe-Testamentiese morele en etiese norme. Die etiese norme rig sowel die alledaagse lewensgedrag as die praktyk van die geneeskunde. Nie alle geneeshere is aanhangers van die Joodse of Christelike geloof nie, selfs al is hulle in die Westerse kultuurerfenis gewortel, maar alle geneeshere word wel deur dié etiese norme òf direk gelei òf ten minste beïnvloed.

Ek het al 'n predikant hoor sê dat daar in die Bybel geen regstreekse verwysing na doelbewuste aborsies *(abortus provocatus)* is nie; en die enigste regstreekse verwysing na 'n toevallige aborsie waar 'n vrou weens 'n ongeluk aborteer is in Eksodus 21:22 opgeteken. Elkeen moet dus vir homself oor dié aangeleentheid uitsluitsel kry. Tydens 'n debat oor aborsie wat in 1974 deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gereël is, het 'n teoloog[1] nie 'n enkele keer direk uit die Bybel aangehaal nie, en het hy slegs in breë trekke drie verskillende teologiese standpunte gestel.

Omdat arts en pasiënt albei met die Ou Testament te doen het, is dit nie onvanpas om in die Ou Testament te soek vir 'n siening oor abortus nie. Hierdie artikel probeer nie die standpunt van 'n spesifieke kerk of geloof stel nie, maar probeer dieper in die Ou Testament delf.

Die Ou Testament kan vir die doeleiende van hierdie werk verdeel word in die argaïese voor-Mosaïese tyd, die Wetstydvak (vanaf die Sinaïtiese verbond tot die

val van Israel en Juda) en dan die Ballingskap en daarna. Die hele tydvak strek oor die ontwikkeling van die Hebreërs en hulle voorsate vanaf die begin van menslike kultuur in die Steentydperk tot by die Ystertydperk en die besetting van Palestina deur die kultureeldominerende Helleense Ryk en daarna die geordende Romeinse Ryk. Dis te verstane dat die siening en die begrip van die mens en van swangerskap oor so 'n groot ontwikkelingspan sou verander en verfyn.

*Selfs in gevalle waar die Bybel nie as die openbaring van God se wil aanvaar word nie, oefen dit tog 'n groot invloed op die enkeling en op die groep in Suid-Afrika uit.*

**Die voor-Mosaïese tyd**

Die eerste tien hoofstukke van Genesis handel oor die universele mens en sy verhouding tot God en sy medemens. Toe was daar nog geen sprake van die menslikheid al dan nie van die embrio of fetus nie. Wat wel deurgaans duidelik is en van die begin af beklemtoon word, is 'n eerbied vir menslike lewe[2] en vir menslike voortplanting.

*God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit . . ."* (Gen 1:27 en 28).

Na die sondeval en die sondvloed het God 'n nuwe verbond met Noag gesluit, en in twee verse weer voortplanting vereis:

*God het vir Noag en sy seuns geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie en bewoon die aarde"* (Gen 9:1) en *Maar julle moet vrugbaar wees en baie word. Vermeerder op die aarde en word baie!* (Gen 9:7).

*Die meeste dokters in Suid-Afrika se denkwyse, lewenswyse en etiese norme word tóg deur die Bybel bepaal, al word die Bybel nie noodwendig altyd as die openbaring van God se wil aanvaar nie.*

Na die sondeval en die ongehoorsaamheid aan God was die eerste opgetekende sonde/misdaad dié van moord op 'n broer/medemens. Kain het Abel vermoor, en is deur God gestraf (Gen 4:10-12).

God wou die mense van Noag se tyd verdelg, want . . .

*Die aarde was korrup in die oë van God, vol geweld;* . . . (Gen 6:11).

Toe God na die sondvloed die verbond met Noag gesluit het, het Hy net twee voorwaardes gestel, naamlik dat vleis nie met die bloed daarin geëet mag word nie, en

. . . *Wanneer julle eie bloed vergiet word, sal Ek daarvoor rekenskap eis, want dit is julle lewe"* (Gen 9:5).

**Mosaïese wette**

Die Tien Gebooie is op die berg Sinai aan Moses gegee om aan die volk Israel, die volk van God, oor te dra en vir hulle 'n rigwyser te wees. Die Tien Gebooie behels eintlik gebooie (instruksies) gevolg deur verbooie (verbiedinge) waarvan die eerste kort, kragtig en ondubbelsinnig lui: *Jy mag nie moord pleeg nie* (Eks 20:13).

*Van die vroegste tye af is die noodsaaklikheid van eerbied vir die menslike lewe beklemtoon.*

In die volgende hoofstuk, 'n uiteensetting van die praktiese toepassing van die gebooie in die alledaagse lewe, kom die enigste regstreekse verwysing na 'n miskraam, maar dan weens 'n onbedoelde optrede.

*Wanneer mans met mekaar baklei en hulle 'n swanger vrou omstamp, sodat sy 'n miskraam het maar nie blywend beseer is nie, moet hy wat haar gestamp het, onderhewig aan die goedkeuring van die regbank, die boete betaal wat die eggenoot van die vrou hom oplê. As sy blywend beseer is, is die straf: 'n lewe vir 'n lewe, 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand . . .* (Eks 21:22-24).

Die fetus[3] het geen wetlike posisie in die Joodse reg gehad nie, en het eers juridies 'n persoon geword na geboorte, en om meer presies te wees, as die grootste deel gebore is. Die eerste 40 dae na menstruasie is die embrio maar "slegs vloeistof". 'n Swangerskap is in drie fases verdeel. Volgens dié beskouing het die embrio op die veertigste dag gevorm, en het dit dan begin groei en ontwikkel. Die tweede fase het aan die einde van die eerste trimester begin as die swangerskap sigbaar geword en die moeder lewe begin voel het. Die aanvang van baring het die derde fase ingelui.

Die konsep dat die embrio eers op die veertigste dag na menstruasie vorm moet in gedagte gehou word, veral as aan Dawid en Jeremia gedink word. Dit sal

egter later ter sprake kom.

Na die veertigjarige omswerwinge in die Sinaiwoesteny toe die Hebreeuse volk tot 'n nasie saamgesnoer is, het hulle in verskillende fases die Kanaänitiese Palestina in groepe binnegeval. Die inname was natuurlik nie 'n vreedsame proses nie. Die verowering en gedeeltelike verplasing van die inheemse volkere het oor 'n tydperk van eeue gestrek.

Die Kanaäniete het nie aan slegs een god geglo nie, maar was soos alle ander volkere rondom hulle henoteïsties – die plaaslike god was vir hulle belangrik, maar hy was een van 'n hele panteon (letterlik allegoderyk). 'n Kenmerk van die Kanaänitiese godsdiens was die kinderoffers wat hulle aan Molek (Molog) gebring het. Kinders is as brandoffers aan Molek geoffer.[4] Die Israeliete het van die Kanaänitiese godsdienstige gebruike oorgeneem. Kinderoffers is herhaaldelik verdoem, van die intrapslag in Kanaän tot die val van die koninkryk van Juda.

*Jy mag nie een van jou kinders wy aan Molek en só die Naam van jou God ontheilig nie. Ek is die Here* (Lev 18:21).

Dit word nog kwaaier gestel in

*Sê vir die Israeliete: Elke Israeliet en vreemdeling in Israel wat sy kind aan Molek wy, moet met die dood gestraf word: die burgers moet hom met klippe doodgooi, anders sal Ek self teen so iemand optree en hom van sy volksgenote afsny omdat die wyding van 'n kind aan Molek my heiligdom onrein maak en my heilige Naam ontheilig. As die burgers hulle oë sluit vir so 'n oortreding en nie die skuldige doodmaak nie, sal Ek self ingryp en so iemand en sy familie sowel as almal wat saam met hom ontrou is en vir Molek dien, van sy volksgenote afsny* (Lev 20:2-5).

*Omdat die Ou Testament oor baie kulture heen stryk, is dit te verstane dat die siening van swangerskap verander en verfyn het.*

Die boek Deuteronomium (letterlik 'tweede wet') is 'n samevatting van die Mosaïese wette, en ook daar is die stort van onskuldige bloed herhaaldelik verdoem en is beklemtoon dat die lewe eerbiedig moet word.

*Julle mag nie die Here julle God dien op die manier waarop hulle hulle gode dien nie, want wat hierdie nasies doen is afskuwelik vir die Here: hulle verbrand selfs hulle seuns en dogters vir hulle gode. Die Here haat dit alles* (Deut 12:31).

Enkele eeue later het die gebruik egter steeds voortgeduur:

*Hulle het hulle seuns en dogters aan veldduiwels geoffer en onskuldige bloed vergiet, die bloed van hulle seuns en dogters wat hulle aan die afgode van Kanaän geoffer het. So is die land met bloed bevlek* (Psalm 106:37, 38).

Met die verval van Juda het Jeremia dit in byvoorbeeld Jeremia 7 duidelik gestel dat die volk van Israel regsinnig moes optree om goddelike vergelding vry te spring, en dat hulle gestraf sou word as hulle voortgaan met hulle wanpraktyke, wat ondermeer ingesluit het:

*Hulle het die hoogte van Tofet in die Ben-Hinnomdal gebou om daar hulle seuns en dogters in die vuur te offer* (Jer 7:31)

en nog duideliker in Jeremia 19:3-8:

*Jy moet sê: Hoor die woord van die Here, konings van Juda en inwoners van Jerusalem! So sê die Here die Almagtige, die God van Israel. Ek gaan oor hierdie plek 'n ramp bring wat elkeen wat daarvan hoor, se ore sal laat tuit. Julle het My verlaat en hierdie plek verontreinig . . . julle het vir Baäl hoogtes gebou en julle seuns as brandoffers vir Baäl verbrand, 'n ding wat Ek nie beveel het nie en nie oor gepraat het nie en wat nooit by My opgekom het nie . . .*

*Vir Dawid was dit wonderlik dat God by sy vorming as fetus en embrio betrokke was.*

**Ballingskap**

Ook tydens die ballingskap in Babilon het die profeet Esegiël die mense verdoem vir die wanpraktyk van kinderoffers.

*"Jy het jou seuns en jou dogters wat jy vir My in die wêreld gebring het, gevat en hulle vir die afgode as offermaaltye aangebied. Was jou ontrou nie genoeg nie, dat jy ook nog My kinders moes slag en hulle vir die afgode moes laat verbrand? Met al dié afskuwelike dade van jou, met jou ontrou het jy nie onthou van jou jeug toe jy kaal en sonder klere in jou bloed gelê en spartel het nie. Ellende, ellende wag vir jou," sê die Here my God* (Eseg 16:20-23).

**Kinderoffers en aborsies**

Byna al die voorgaande aanhalings verwys na kinderoffers aan die gode, en verwys nie na aborsies nie. Melding is reeds gemaak dat die kind volgens wet eers by geboorte as persoon erken is. Daar is tog aanduidings dat die ongebore kind in die oë van God belangrik is, selfs voor die "vorming op die veertigste dag".

Dawid was in vervoering en verwondering oor die feit dat God by sy skepping betrokke was, en reeds uit die staanspoor van hom geweet het.

## Abortus provocatus in die Ou Testament

*U is my hulp van my geboorte af, reeds voor ek in die wêreld gekom het, het u my beskerm* (Ps 71:6).

*U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek seker: geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmekaargeweef is diep in die moederskoot. U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in U boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is* (Ps 139:13-16).

*God het Jeremia reeds geken toe hy nog 'n embrio was.*

Jeremia berig dat God hom nog voor sy vorming, dus voor sy veertigste bestaansdag, geken het.

*Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel* (Jer 1:5).

Myns insiens moet ongebore kinders dus met net so veel ontsag en respek as gebore kinders behandel word en is dit geregverdig om die sprong te maak vanaf kinderoffers na abortus provocatus.


Dit is die mening van die skrywer dat die verbod op kinderoffers aan die Kanaänitiese gode steeds op die moderne mens in die moderne samelewing van toepassing is. Niemand bid nog tot of offer kinders aan byvoorbeeld Molek of Baäl nie – afgodery het 'n nuwe vorm aangeneem. Die nuwe 'afgode' is Selfsug, Gemaksug, Hebsug. Kinders gaan nie meer "deur die vuur" nie, maar word nou aborteer (chemies verbrand, versnipper, in stukkies opgesuig) omdat hulle andere se toekomsplanne verydel, 'n finansiële las op ouers sal plaas, ongewens of 'n groot verleentheid vir andere sal wees, en af en toe omdat die ouers nie hulle weg oopsien om 'n gestremde die wêreld in te bring nie. Die meerderheid aborsies in terme van artikel 3(1)(b) van die Wet op Vrugafdrywing en Sterilisasie van 1975 word nie soseer om die kind se onthalwe uitgevoer nie, maar omdat die ouers nie kans sien om die las en bekommernis van 'n gestremde lewenslank te moet dra nie. (Hulle word in hierdie houding gesteun en aangemoedig deur amptelike instansies soos die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling[5] en die Departement van Mannekrag.[6])

God stel by monde van Moses die saak eenvoudig en helder aan ons, en ons het die vryheid om te kies. Die verantwoordelikheid vir ons keuses berus by onsself, persoonlik vir ons eie handelinge, en gemeenskaplik in wat ons ons verteenwoordigers toelaat om in ons naam te doen.

**Verwysings**


1. Ellis R. In: Oosthuizen GC, Abbott G, Notelovitz M. The great debate: abortion in the South African context. Cape Town: Howard Timmins, 1974:41-8. (HRSC publication no 47).
2. Epstein I. Judaism. Harmondsworth, Middlesex: Pelican penguin, 1959:19-20.
3. Weiss A. In: Oosthuizen GC, Abbott G, Notelovitz M. The great debate: abortion in the South African context. Cape Town: Howard Timmins, 1974:33-7. (HRSC publication no 47).
4. Thompson JA. In: Douglas JD (ed). The new Bible dictionary. 10th ed. Leicester: Inter-Varsity Press, 1977:836.
5. Op't Hof J. Economic aspects and prevention of genetic disorders. In: South Africa: Department of Manpower. Rehabilitation in South Africa. 1984;23(Dec):82-5.
6. Postumus DJ. New horizons in the prevention of genetic disorders. South Africa: Department of Manpower. Rehabilitation in South Africa. 1984;28(Dec):81.





5th General Practitioners' Congress
de Algemene Praktisynskongres
1986
Skills/Vaardighede
14-18 APRIL
P.O. Box/Posbus 27391, Sunnyside 0132